OORLOGSGEBED

Begin die gebed en trek eers jou wapenrusting aan voor jy in die geveg intree. (Salf die wapenrusting in geloof aan as moontlik):

Efs6:10-18 **Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges**

Hemelse Vader ek kom voor U troon van genade met volle vrymoedigheid in die Naam van U Seun, Jesus Christus. U Woord leer ons in: (Hebreërs 4:16) **Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.**

Ek smeek U vandag om genade en om te help en dat U Heilige Gees deur my sal bid. Here Jesus volgens U Woord het ons in U Naam gesag wat bo al hierdie owerhede en magte en kragte en heerskapy wat teen ons kom, want daar staan geskryf!

Fil2:9-11 **Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.**

En verder: 1Pet3:22 **Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.**

En verder staan daar geskryf:

Efs1:19-23 **Die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.**

En ek is deel van U liggaam, Here Jesus, en dat ons die volheid in U het want U Woord sê:

Kol 2:9-10 **Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;**

Daarom kom ek teen al die vyand se werke en teen al die duiwels wat teen ons kom met die gesag wat aan ons gegee word in:

Luk 9:1 **En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle mag en gesag gegee oor al die duiwels en om siektes te genees. En Hy het hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak**

En ook staan daar geskrywe:

Luk 10:17-20 **En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam. Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos ‘n bliksem uit die hemel sien val. Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.**

En nou onderwerp ELKE duiwel hom aan my in die NAAM van JESUS CHRISTUS van Nasaret volgens God se Woord. Ek kom nou teen elke bose werk van die vyand, alle bose werke en wapens van die vyand en ek maak dit kragteloos in Jesus Naam!

Ek bid en neem my erfdeel op as kind van God, en as kneg van die Here Jesus weerlê ek nou elke tong wat opstaan in die gereg teen my en my gesin (Noem hulle name) in Jesus Naam want U Woord sê:

3 Jes 54:17 **Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE.**

En ek neem die swaard van die Woord wat skerper is as enige twee snydende Swaard en ek sny alle werke van die bose wat teen ons kom uitmekaar in Jesus Naam!

Alle "***chanting*** (dreunsang)", ***incantations*** (Beswering), ***cadging spells*** (inhok towerspreuke), ***spellbounds en werke van die bose*** breek ek oor ons in Jesus Naam en die demone gekoppel aan hierdie bose werke bevel (gebied) ek om ons nou te los en weg te gaan uit my grond gebied in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ek bestraf nou alle bose werke van die kinders van die ongeregtigheid wat teen ons opstaan en ek glo hierdie werke sal geopenbaar word omdat God se Woord sê:

Ef 5:11-13 **En hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer. Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem. Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want alles wat openbaar word, is lig.**

Ek kanseleer ook elke ***vleeslike gebede*** (carnal prayers), ***uitspraak***, ***vervloeking*** en ***verwensing*** oor my en my gesin in die naam van Jesus Christus en ek beveel alle demone gekoppel aan hierdie dinge om ons nou dadelik te verlaat in Jesus Naam!

Ek maak kragteloos alle ***simboliek*** en ***rituele***, ***manifistasies*** en ***bloed offerhandes*** oor my en my gesin in Jesus Naam en alle ***opdragte wat aan die demone gegee was deur die kinders van die ongeregtigeheid*** word gekanseleer in die Naam van Jesus, ek stuur nou alle bose geeste weg en verbied julle om terug te kom in Jesus Naam.

Ek kanseleer alle ***magical prism spells*** (magiese prisma towerspreuke) en alle ***magical prisim prison spells***, ***chanting***, ***incantations***, ***spells*** en ***spell bounds*** oor ons in Jesus se Naam asook alle ***haat***, ***haat spraak*** en ***haat projeksies*** is gekanseleer in Jesus Christus se Naam. Alle ***cadging spells*** word nou verbreek oor ons in Jesus Naam, alle ***voodoo***, ***effigy poppe***,

hoodoo, ***rooning***, ***vexing***, ***katas*** en alle ***heksery*** word kragteloos gemaak oor my en my gesin in die Naam van Jesus Christus van Nasaret en alle demone gekoppel aan al hierdie ***oudwyfse fabels*** en ***vervoeisels*** beveel ek nou in Jesus Naam om ons te verlaat en nie weer terug te kom nie.

Ek sny ons totaal los van alle ***occultiese werk*** in die Naam bo alle Name en ek stuur weg alle bose geeste wat in my huis en op my grond gebied is in Jesus Naam. Alle ***watergeeste*** opgeroep by water asook alle ***voorvadergeeste*** en ***geeste opgeroep en gekoppel aan rituele***, ***manifestasies*** en ***offerhande bloed se opdragte*** is gekanseleer in Jesus Naam en ek stuur al hierdie onrein geeste nou weg in die Naam van Jesus.

Ek breek die krag gekoppel aan ***graffies*** gemaak vir ons in ***enchanted gardens*** en ek beveel die ***bose gees van die dood*** of ***grim reaper*** om ons te los in Jesus Naam en weg te gaan uit my grond gebied, ek verklaar hierdie huis nou heilig vir Jesus Christus en ek pleit die bloed van Jesus oor hierdie huis en my gesin (noem hul op die name). Ek bid ook Soteria (afkorting vir) Heb1:13-14 **dienende geeste, Vader ek vra dat U dienende geeste (Engele) sal stuur vir ons wat die saligheid beerwe** en ek dank U nou vir dit in Jesus naam.

U weet wie hierdie kinders van die ongeregtigheid is wat teen my opstaan in die gereg en ons vervloek want alles lê oop en bloot voor die een met wie hulle nou te doen het en ek seën hulle in Jesus Naam en ek bid vir hulle wat my vervolg en vra dat U hulle sal vergewe en red want hulle weet nie wat hulle doen nie maar al die bose geeste in hierdie mense wat teen ons kom bestraf ek in die Naam van Jesus Christus!

Nou kom ek met U woord en ek verbreek alle planne van die bose oor my en my gesin in die naam van Jesus volgens 2Kor10:3-6 waar daar geskrywe staan:

2Kor10:3-6 **Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.**

Ek bestraf hierdie ongehoorsaamheid en okkultiese werke gedoen deur hulle in Jesus Naam!

Ek hou nou die skild van geloof op (Hou jou linker-arm in die lug)

volgens Efs6v16 **wat AL die vurige pyle van die bose SAL uitblus** volgens U Woord.

Stuur U Woord uit volgens Ps107v20 wat sê: **Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.**

Ek bid dat U hierdie mense sal vergewe want hulle weet nie wat hulle doen nie, die seën wat ek hulle toebid is dat hulle U sal ken en gered sal word maar ons hou ook onsself gereed om elke ongehoorsaamheid te straf sodat hulle gehoorsaamheid volkome kan raak soos in 2Kor10:6 en ek bid dat U ‘n drukgang sal toepas soos in:

Jes30:19-20 **Want ‘n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon; jy sal nie meer ween nie; sekerlik sal Hy jou genade bewys op jou hulpgeroep; sodra Hy hoor, antwoord Hy jou. Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien; en jou ore sal ‘n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.**

Ek bid dat U die roede sal hou op hierdie ongehoorsame kinders tot hulle gehoorsaamheid volkome is. Ek bid dat U van hierdie onegte kinders egte kinders sal maak deur hulle te tugtig want daar staan gekryf:

Heb12:5-11 **En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kiners en nie seuns nie. Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie? Want húlle het ons wel ‘n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word. Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie ‘n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter ‘n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.**

Here, soos U woord sê tugtiging deur die wat daardeur geoefen is werk later ‘n vredevolle vrug van geregtigheid.

Ps107:10-20 **Die wat in duisternis en doodskaduwee gesit het, gevang in ellende en ysters—omdat hulle wederstrewig was teen die woorde van God en die raad van die Allerhoogste verwerp het, het Hy hulle hart deur moeite verneder; hulle het gestruikel, en daar was geen helper nie. Toe het hulle die HERE aangeroep in hul benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos. Hy het hulle uit duisternis en doodskaduwee laat uitgaan en hulle bande verbreek. Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders; want Hy het koperdeure verbreek en ystergrendels stukkend geslaan. Die wat dwase was vanweë die weg van hulle oortreding en weens hulle ongeregtighede gepynig is—hulle siel het 'n afsku gehad van elke soort voedsel, en hulle het tot by die poorte van die dood gekom. Toe het hulle die HERE aangeroep in hul benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos. Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.**

U Woord sê ook in 1Joh4:4 dat **Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.**

Verder staan daar geskryf Jak4:7 **Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.**

En verder Ps97:10 **o Liefhebbers van die HERE, haat die kwaad! Hy bewaar die siele van sy gunsgenote, Hy red hulle uit die hand van die goddelose.**

Here, ek vra U om vir ons te stry soos in:

Deut28:7-10 **Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug. Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee. 6 En die HERE jou God sal al hierdie vloeke op jou vyande en op jou haters lê wat jou vervolg het. Maar jy sal weer na die stem van die HERE luister en al sy gebooie doen wat ek jou vandag beveel. En die HERE jou God sal die goeie aan jou oorvloedig gee in al die werk van jou hand, in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land; want die HERE sal weer oor jou ten goede bly wees soos Hy bly was oor jou vaders, as jy na die stem van die HERE jou God luister om sy gebooie en sy insettinge te hou wat in hierdie wetboek geskrywe is; as jy jou tot die HERE jou God bekeer met jou hele hart en met jou hele siel.**

Deut 1:30 **Die HERE julle God wat voor jul uit trek, Hy sal vir julle stry net soos Hy voor julle oë met julle in Egipte gedoen het**

Ek dank U nou, Here Jesus, dat U alle vestings neergewerp het en die vloek in seën verander het oordat U ‘n vloek geraak het vir ons volgens

Gal3:13-14 **Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang—sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.**

En dat deur die wonde van Jesus het daar vir ons genesing gekom.

Jes53:4-5 **Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.**

Bid nou vir jou besigheid volgens:

Mal3:10-12 **Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.**

[11] Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare.

[12] En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die HERE van die leërskare.

En lees die seën van Deut28 oor jou uit: **AS jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.**

[2] En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.

[3] Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.

[4] Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.

[5] Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.

[6] Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.

[7] Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.

[8] Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee.

[9] Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel.

[10] En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.

[11] En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.

[12] Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.

[13] En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen,

[14] en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.

Luk6:38 **Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.**

Amen en Amen.